



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 159: 20 Julie 2018

“LAASTE KWARTAAL” IS HIER!

Vir alle praktiese doeleindes is die derde kwartaal die laaste kwartaal vir die senior leerders in die skool. Vir die Graad 12's is daar slegs een week van normale skoolgaan in die vierde kwartaal en vir die Graad 10's en 11's slegs twee weke. Die Gr.12 eindeksamen begin op Maandag 15 Oktober en die ander twee grade se eindeksamen op Maandag 22 Oktober! Om alles te kroon begin die skool eers op Dinsdag 9 Oktober en neem ons afskeid van die matrieks op Vrydag 12 Oktober.

Vir die Graad 8 en 9-leerders lyk die prentjie darem meer rooskleurig. Hulle sal nog vir 4 weke met normale onderrig voortgaan in die vierde kwartaal.

Hierdie toedrag van sake plaas uiteraard baie druk op beide die personeel en die leerders om al die werk wat nog behandel moet word, voor die einde van die kwartaal af te handel sodat daar volgende kwartaal net vinnige hersiening en die finale voorbereiding vir die eksamen gedoen kan word. Die druk op die Gr. 12's is net soveel hoër, want op Maandag 27 Augustus begin hulle reeds met die Voorbereidende Eksamen! Die finale rooster hiervoor sal in die komende week deurgegee word.

Intussen gaan die skoolprogram sy normale gang met sportbepalings wat nagekom moet word en kultuuraktiwiteite wat baie tyd verg van almal wat daaraan deelneem. Die groot geheim lê maar net daarin dat elkeen deeglik moet beplan en moet hou by 'n studierooster.

Die Junie-eksamen behoort 'n goeie aanduiding te wees van die stand van elke leerder se akademie en elkeen behoort op grond daarvan doelwitte te stel vir die tyd wat voorlê. Die groot troos lê darem daarin dat almal saam is in hierdie bootjie, en dat veral ons personeel alles in hul vermoë doen, en sal doen, om ons leerders te ondersteun. Baie sterkte!

BELANRIKE INLIGTING EN DATUMS:

Matrieksertifikate en Hermerk-uitslae:

Ons het so pas die matrieksertifikate van die 2017-matrieks ontvang en hierdie sertifikate kan by die Algemene Kantoor afgehaal word. Die Hermerk-uitslae is ook by die kantoor beskikbaar. Skakel asb mev. Wait by 041 360 1257 om seker te maak die betrokke sertifikaat is beskikbaar aangesien ons nie almal se sertifikate ontvang het nie.

Mev. Loftus reis na Barcelona

Mev. Charlene Loftus vertrek hierdie naweek na Barcelona waar sy Suid-Afrika in die Meesters-Wêreldbeker-hokkietoernooi gaan verteenwoordig. Mnr. Pierre Smit sal in haar afwesigheid as graadhoof vir die Gr. 9's waarneem. Ouers kan hom by die skool skakel of kontak by smit.pc@gmail.com indien nodig.

Graad 9 Vakkeuse-aand

Die Vakkeuse-aand vind vanjaar op Donderdag 16 Augustus om 19:00 in die skoolsaal plaas. Hou asb hierdie datum oop. Baie belangrike inligting en voorligting rakende vakkeuses en beroepskeuses word op daardie aand deurgegee en bespreek.

Baie sterkte aan ons netbalspanne in Boksburg!

Dis ons en Grey hierdie naweek! Sterkte aan al ons spanne daar en by Collegiate

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Keanan Gysman, 8C
Illiano Petrus, 8G

Sondag

Geen

Maandag

Elmar Hough, 11C
Blaine Kruger, 8E
Jannike Nell, 9F

Dinsdag

Juné Fortuin, 8B
Jade G O'Ehley, 9C
Cara Roux, 8E
Jason van der Watt, 12G

Woensdag

Monray Potgieter, 12C
Maria Venter, 11F
Marja Weyers, 11F
Justin Wilken, 9F

Donderdag

Anja Baard, 10B
De Wet Botha, 8C
Nicola Ferreira, 8A
Ilandré Kriel, 11D
Luke Nell, 8E
Elzabé van Niekerk, 12B

Vrydag

Zanje Hurter, 8G
Charné Smith, 9E

FRAMESBY IS TROTS OP ...

JUANITA SPEEL 'N PLEK IN SA-SPAN LOS!

'n Groot groep van ons netbalspeelsters het die Oos-Kaap tydens die afgelope vakansie by die nasionale toernooie verteenwoordig, en na afloop van die toernooie is die Suid-Afrikaanse Skole-spanne in die onderskeie ouderdomsgroepe aangewys. Om tot een van hierdie spanne verkies te word is 'n ongelooflik goeie prestasie, en ons is BAIE trots op Juanita van Tonder wat verkies is tot die SA O/16-netbalspan. Hierdie span gaan later vanjaar Suid-Afrika verteenwoordig tydens 'n toernooi in Namibië. Framesby is SO trots op jou, Juanita, en ons wens jou baie sterkte toe met die voorbereiding. Dankie dat jy Framesby se naam so pragtig uitdra.

Juanita se spanmaats staan in absolute verwondering oor haar pragtige prestasie!



MISCHKE BEREIK WEER GROOT HOOGTES!



Alhoewel fietsry nie 'n skool sport by Framesby is nie, neem verskeie van ons leerders gereeld aan plaaslike, en ook in ander dele van die land, fietswedrenne en –byeenkomste deel, waar hulle besonder goeie prestasies behaal. Van hierdie fietsryers presteer Mischke Strydom oor die afgelope klompie jare konstant ongelooflik goed, en dui alles daarop dat 'n belowende loopbaan in die sport moontlik op haar wag.

Tydens die vakansie het sy aan die Momentum Knysna Fietstoer oor 50 km deelgeneem en die silwermedalje in die vroue-afdeling verower. Daarna het sy aan die JBay Windfarm MTB Classic vir bergfietsse oor 50 km deelgeneem en daar die algehele eerste plek verower. Baie geluk met die pragtige prestasie, Mischke!

Mischke het onlangs die groot eer te beurt geval om opgeneem te word in die Africa Silks fietsryspan waarvan Anriette Schoeman, een van Suid-Afrika se top-fietsryers, die leier is. Onder Anriette se leiding behoort Mischke uitstekende ondervinding op te doen en sal sy beslis baie kan leer. Baie geluk, Mischke en baie sterkte! Ons is trots op jou.

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 21 Julie	Sondag 22 Julie	Maandag 23 Julie	Dinsdag 24 Julie	Woensdag 25 Julie	Donderdag 26 Julie	Vrydag 27 Julie
Rugby: Grey (W) Hokkie: Collegiate Netbal: Collegiate Netbal: SA Skole Boksburg Landloop: Liga 5		DAG 6 Gr. 7 Rugby-bekendstelling	DAG 7	DAG 8	DAG 9 BLOEDSKENK	DAG 10 Gholf: Outeniqua (W)

NOG UITSTEKENDE PRESTASIES!

LANDLOOP-ATLETE NEEM DIE TUINROETE OP HORINGS

Die jaarlikse landlooptoer na die Suid-Kaap het al 'n instelling geword en vanjaar het 'n groep van 34 atlete gedurende die vakansie na George en Knysna getoer waar hulle aan verskeie wedlope deelgeneem het. Hulle het in George begin waar hulle aan 'n 5 km- en 'n 10 km-wedloop deelgeneem het. Daarna het hulle in Knysna aan 'n landloopbyeenkoms, 'n straatmyl, en 'n wedloop oor 5 km deelgeneem. Skole van oor die hele Suid-Afrika het deelgeneem en ons atlete het oudergewoonte baie goed presteer. In die George 5 km was IP van der Merwe algeheel 3de in die seuns- en mansafdeling, terwyl Anja Webber ook 3de was in die dogters- en vroue-afdeling. Bjorn Ferreira het tydens die landloopbyeenkoms die O/17-afdeling gewen en in die proses afgereken met die Wes-Kaap-kampioen! In die straatmyl het Bjorn weer uitblink deur 1ste te eindig van al die seuns met De-Leon Strydom wat die derde plek algeheel losgehardloop het. In dieselfde wedloop het Karla Scheffer 3de klaargemaak in die dogtersafdeling.

Baie geluk aan al ons atlete! As mens na die foto's kyk is dit duidelik dat julle die toer baie geniet het. Baie sterkte met die res van die seisoen.



PROGRAM MÔRE BY GREY EN COLLEGIATE

Een van die groot sporthoogtepunte op ons kalender is die derby-naweek teen ons Engelse bure, Grey High School en Collegiate. Ongelukkig sal ons 1ste-, O/16A- en O/14A-netbalspanne nie in aksie wees nie aangesien hulle die Oos-Kaap in die Suid-Afrikaanse skole Netbalkampioenskap verteenwoordig, maar verder gaan dit 'n dag van taai kompetisie wees. Ons wil almal aanmoedig om ons spanne in groot getalle te ondersteun, veral omdat ons vanjaar daar speel en nie tuis nie. Ons sien uit na 'n uitstekende dag, en daar is geen twyfel dat almal hulle harte gaan uitspeel nie. Baie sterkte aan almal! Ons is reeds by voorbaat baie trots op die goeie vertonings wat wag!

RUGBY

TYD	Philip-veld	Pyott-veld	Gordon-veld
09:00	O/14A	O/15B	
10:00	O/15A	O/16B	O/14C
11:00	O/16A		
12:10	3de	O/14B	
13:20	2de		
14:00	1ste		

SEUNSHOKKIE

TYD	Grey Astro
09:00	O/16
10:00	1ste

DOGTERSHOKKIE

VANDAG		MÔRE	
TYD	Astro	TYD	Astro
15:15	O/16C	09:15	O/16B
16:15	3de	11:00	O/16A
17:15	2de		

NETBAL

TYD	Court 1	Court 2	Court 3
08:00	O/18D	O/16D	O/14B
08:45	O/18C	O/16C	O/14C
09:30		O/16B	O/14D

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

ONS MOET MEER LUISTER

Dit is een van die grootste geheime van die kuns om reg te lewe, dat 'n mens moet leer om na ander te luister. Ons is meestal so vol van wat onself dink, dat ons weinig ruimte het om te luister na wat ander sê. Ons is so seker daarvan dat ons weet wat hulle dink, en wat die regte antwoord op hul vrae is, dat ons dit meestal al aan hulle begin vertel voordat hulle klaar met ons gepraat het om hul probleem aan ons te stel.

Dit is nie net predikante, psigoloë, huweliksraadgewers en sulke professionele mense wat die geheim moet leer om te luister nie. Dit is ook politici en kultuurleiers, onderwysers en dosente, ouers en kinders. Kortom: dit is ons almal wat feitlik elke oomblik van die dag met ander mense te make het en in tallose verhouding-situasies verkeer.

Wie van ons ken nie die frustrerende ervaring dat 'n amptenaar êrens agter 'n toonbank met klaarblyklike ergernis ons verhaal aanhoor tot op 'n bepaalde punt, en dan met ongeduld in sy stem en met toeskuiwing van 'n vorm wat ingevul moet word, op 'n vernederende manier die inligting wat ons probeer vra het, aan ons toeblyf nie? Dit is die soort houding wat 'n bepaalde beeld geskep het van die amptenaar wat hom wêreldwyd ongewild maak, veral ook omdat die inligting wat hy op dié manier verskaf, dikwels ons persoonlike verhaal ignoreer en geen antwoord is op wat ons hom werklik gevra het nie. Sy probleem is egter dat hy ons almal stereotipeer en soos 'n komper net gesette antwoorde ken, waarvan nie afgewyk kan word nie. Hy kan nie bekostig om werklik na elkeen se eie verhaal te luister nie, gedeeltelik omdat hy te besig is, maar gedeeltelik ook omdat dit hom bes moontlik totaal van stryk sou bring as hy 'n oorspronklike antwoord op 'n individuele vraag sou moet uitdink.

Wie dink dat net amptenare aan hierdie soort optrede skuldig is, maak 'n fout. Ons is almal maar geneig om so te wees, en as enigeen van ons vandag 'n amptenaar sou word, sou ons dit waarskynlik op presies dieselfde manier as baie ander amptenare wees. Die amptenaar se moeilikheid is dat 'n bepaalde menslike houding by hom min of meer geïnstitutionaliseer is.

Ons almal skiet egter te kort in die liefde, belangstelling en geduld wat nodig is om werklik na 'n medemens te luister. Ons almal is in wese outoritêr van instelling en geneig om ander mense as dom te behandel.

Hoe totaal anders was Jesus. En hoe totaal anders kan Hy 'n mens maak wat met Sy liefde vervul is.

Uit *Die Burger*, 5 Augustus 1978

GHOLFSPAN MAAK SKOONSKIP!

Framesby se gholfspan het laat in verlede kwartaal 'n uitnodiging ontvang om aan die prestige Cape Schools-toernooi deel te neem, en die span het die kans met albei hande gegryp! Hulle het al hul wedstryde gewen en onoorwonne uit die stryd getree. In die proses het Dantré Haasbroek en Michael Randall nie een van hul wedstryde verloor nie. Die spanuitslae is as volg: Klop Rondebosch 6,5 – 2,5, wen teen SACS 6 – 3 en wen teen Wynberg 9 – 0. Dis werklik 'n uitstekende vertoning! Baie geluk.

Intussen het ons yster-dametjie, Zahn Scholtz, uitstekend gedoen deur 36ste te eindig in Benoni waar al die sterkste vrouespelers in Suid-Afrika deelgeneem het. Sy is dan ook ingesluit in die OP-vrouespan wat in Oktober in Stellenbosch gaan deelneem. Baie geluk, Zahn! Trots op jou.



HOKKIESPAN KOOK IN OOS-LONDEN

Ons eerste dogtershokkiespan is seker die span in Framesby wat die besigste is! Hulle offer geweldig baie tyd op om op die astro te kan oefen, en dan speel hulle 'n groot klomp wedstryde tydens die seisoen. Hulle het aan die begin van die vakansie na Oos-Londen gereis om daar aan 'n toernooi deel te neem.

Hulle het teen Fish Hoek en Lilyfontein gewen, teen Gill en Merrifield gelykop gespeel en ongelukkig teen Hudson Park verloor. Hulle het egter baie goeie hokkie gespeel en verbeter met elke wedstryd. Baie geluk, dames! Baie sterkte met die res van die seisoen!